

Beste Ouers en Matrikulante

Ons almal se grootse bekommernis op hierdie stadium is die tyd wat ons matrikulante al verloor het in hierdie ongewone klimaat van inperking.

Alles is egter nie verlore nie en as ouers, leerders en onderwysers saamspan, kan hierdie jaar TOG 'n suksesvolle einde hê. Dit is egter baie belangrik om te beseft dat hierdie wenspan uit drie rolspelers bestaan:

LEERDER

OUER

OPVOEDER

Die belangrikste rolspeler in hierdie span is en bly die LEERDER!

Matrikulante moet beseft dat daar baie ondersteuning vir hulle is, maar die onus is op die leerder om alles in te sit om 'n sukses van sy/ haar toekoms te maak.

Hier volg 'n paar wenke wat dalk mag help:

- ☐ Elke matrikulant MOET teen hierdie tyd 'n studierooster hê waarby daar streng gehou word!**

- ☐ Prioritiseer:**
 - Besluit wat Nou die belangrikste is op hierdie stadium in jou skoolloopbaan!**

 - Skuif die minder belangrike dinge vir eers eenkant.**

- Spandeer minder tyd op die selfoon tensy jy besig is om werk te bespreek in 'n studiegroepie op WhatsApp.
- Sê vir jousef dat hierdie matrieksertifikaat waarvoor jy nou voorberei, die deure van die toekoms vir jou gaan oopmaak. Ons almal weet dat die vrugte wat ons pluk a.g.v. harde werk, uiters soet is.
- **TYDSBESTUUR** is seker dié belangrikste faktor.
- Syfervakke móét **ELKE DAG** geoefen word – al is dit 'n paar konsepte wat jy behandel.
- Besluit watter inhoudsvakke/leervakke die moeilikste is om onder die knie te kry en begin dan met hierdie vakke.
- Let ook daarop dat baie vakke soos Wiskunde Geletterdheid, Ekonomie , Aardrykskunde en Toerisme van dieselfde konsepte behandel, soos berekening van skale, tydsones, kaarte, en so meer.
- In Toerisme word daar byvoorbeeld gekyk na die effek van toerisme op die ekonomie, die planeet en mense.

(Terloops, daar mag dalk net 'n vraag wees oor die effek wat die Kovid_19 Pandemie op toerisme, die ekonomie, die bevolking en werkloosheid in Suid-Afrika laat.)

- So wanneer jy met aspekte te doen kry wat in meer as een vak voorkom, is dit vaslegging (consolidation) vir jou.

WENKE VIR AFRIKAANS EN ENGELS HUISTAAL EN EERSTE ADDISIONELE TAAL

LEES! LEES! LEES!

- Matrikulante, dit is van kardinale belang dat julle jul voorgeskrewe werke móét lees en die verloop van die roman, kortverhale en drama móét verstaan.
- **KEN** en **VERSTAAN** die karakters.
- Geen kandidaat kan 'n Literêre Vraestel gaan skryf op grond en kennis van vrae en antwoorde alleen nie.

- Daar word ook gedurig gesukkel met GEDIGTE. Hier is interpretasie en toepassing van beeldspraak (Metafoor, Vergelyking, Herhaling, Personifikasie, om 'n paar te noem) en ander literêre aspekte soos onomatopeë, assonansie, herhaling en alliterasie baie belangrik. Weereens is dit 'n geval van oefening om die werk baas te raak.
- Ken die verskillende tipes rymskemas.
- Oefen die skryf en struktuur van 'n literêre opstel.

TAALKUNDE

- Hier is my raad aan kandidate om so veel moontlik Vraestelle Een van vorige jare uit te werk. ONTHOU om eers die vraestel op jul eie te beantwoord voordat julle na die memorandum kyk.
- Kandidate moet ook daarop let dat daar 'n deurlopende patroon van tipes vrae wat gevra word is m.b.t. die taalvraestel. (Dit geld vir Afrikaans en Engels oor altwee vlakke – HT en EAT).

ONTHOU, liewe kandidate, dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde verstand/brein huisves.:

- ☐ Eet gesond. (Dit hoef nie 'fancy' kos te wees nie)
- ☐ Kry genoeg slaap. (ook nie meer slaap as studeer nie asseblief!)
- ☐ Kry genoeg oefening; dit bring die suurstof na die brein.
- ☐ Dit moet nooit nodig wees vir Mamma of Pappa of jou voog om jou daaraan te herinner om te studeer nie. JY is in beheer van jou toekoms! Jy KAN dit doen. Daar word in jou geglo!

Dit herinner my aan die gedig *INVICTUS* deur William Ernest Henly waarvoor Madiba so lief was en waaruit hy so baie krag geput het

tydens sy 27 jaar in aanhuoding. Een van die reëls het vir hom, Madiba, 'n MANTRA geword:

'I am the master of my fate:

I am the captain of my soul.'

Matrikulante van 2020, sê vir juiself dat jul jaar suksesvol SAL wees.

ONTHOU:

You are the master of your fate:

You are the captain of

your soul!!

Beste wense en Voorspoed en Sukses,

Margie Williams